Hoe kan ek seker wees?

deur

PROF. W.D. JONKER

HOE KAN EK SEKER WEES?

Daar is baie lidmate van die kerk wat nie daarvan seker is dat hulle kinders van God is nie. Hulle is gedoop, gaan kerk toe, gebruik nagmaal, probeer om 'n goeie lewe te lei, lees die Bybel en bid miskien selfs gereeld, maar tog het hulle geen vrymoedigheid om te sê dat hulle weet dat hulle kinders van God is nie.

Is dit miskien met jou ook die geval? Dan moet jy asseblief tyd daarvoor neem om die volgende opmerkings te lees. Mag dit daartoe meewerk dat jy van onsekerheid bevry mag word tot die vreugde van die sekerheid dat jy 'n kind van God is!

1. **Dit is uit die Bybel baie duidelik dat die Here wil hê dat jy wel sekerheid moet hê dat jy sy kind is.**

'n Mens kan selfs sê dat die hele Bybel geskryf is om alle twyfel daaroor by ons weg te neem dat God ons lief het en dat Hy daarom nie wil hê dat een van ons verlore moet gaan nie, maar dat ons almal gered moet word. Die blye boodskap is dat God aan ons die versekering gee dat Hy sy Seun gegee het om in ons plek die straf op ons sonde te dra, dat Hy ons daarom in Christus vir ewig daarvan vrygespreek het en dat Hy ons tot sy kinders aangeneem het. Daarom lees ons by Johannes: "Hierdie brief skrywe ek vir julle sodat julle kan **weet dat julle die ewige lewe het,** julle wat in die Seun van God glo" (1 Joh. 5:13).

Daar is baie dinge waaroor ons onseker is. Ons weet nie wat vandag of môre met ons sal gebeur nie. Ons weet nie hoe lank ons nog sal lewe of watter vreugde of smart daar nog vir ons wag nie. Maar oor Gods liefde vir ons en oor die feit dat ons ewige verlossing sy saak is wat in sy hande absoluut veilig is, mag ons nie onseker wees nie, want dit sou daarop neerkom dat ons die herhaalde versekeringe daarvan wat Hy in sy Woord aan ons gee, nie ernstig opneem nie.

Miskien doen jy dit ook. Die enigste rede waarom ons onseker daaroor is of ons kinders van God is, is dat ons Gods Woord en sy beloftes nie in eenvoud wil aanvaar as ook van betrekking op ons persoonlik nie. Maar dan mis ons die vreugde van die vaste sekerheid wat God juis vir ons bedoel.

2. **Omdat die Bybel ons volkome sekerheid oor ons kindskap wil gee, wys dit vir ons die versoening deur die bloed van Christus aan as die enigste en vaste grond waarop ons sekerheid rus.**

Die Bybel gee ons die absolute versekering dat Christus vir ons gesterf het en volkome versoening vir ons sonde gedoen het. Lees maar rustig gedeeltes soos Rom. 5:6-11 en 2 Kor. 5:14-21. Die boodskap daarvan word saamgevat in 1 Joh. 2:2 wat sê: **Christus is die versoening vir ons sondes: en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.** So sê ook Joh. 3:16: "God het die **wêreld** so lief gehad, dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê".

Dit beteken: **God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun** (1 Joh. 5:11). Die evangelie, die blye boodskap, sê aan ons: **God gee ons die lewe.** Hy gee dit aan ons **in Christus.** Christus is die **grond** van ons verlossing, want Hy het ons skuld op Hom geneem, Hy het die oordeel en vloek wat op die sonde rus, weggedra (Gal. 3:13-14). Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem (Kol. 2:14).

Hierdie boodskap van die versoening in Christus is die vaste grond vir ons sekerheid. Die Skrif pleit by ons om die versoening te aanvaar wat God klaar bewerk het (2 Kor. 5:20). Ons moet God eenvoudig op sy woord neem deur aan hierdie versekering vas te hou. Dit is die versekering dat die vergiffenis, die verlossing en die ewige lewe deur God om Christus wil aan ons geskenk is, omdat God ons in Christus tot sy kinders aangeneem het en niks ons van sy liefde kan skei nie.

3. Dit is presies wat bedoel word wanneer die Bybel sê dat ons uit genade gered word.

Die Bybel bedoel daarmee net eenvoudig dat Christus en Christus alleen die verlossing vir ons bewerk het en dat God alleen ter wille van Hom aan ons die ewige lewe gee.

Jy sal nooit seker kan wees van jou redding, as jy nie aanvaar dat jy net uit genade gered word nie. Die rede waarom talle mense onseker is of hulle kinders van God is, is dat hulle nie wil aanvaar dat ons werklik **verniet,** uit louter genade en sonder enige verdienste van ons kant, enkel ter wille van Christus gered word nie.

Hulle het miskien al honderdmaal hierdie woorde gehoor, maar dit is of dit nie regtig tot hulle deurdring nie, want in hulle hart koester hulle tog maar die idee dat 'n mens darem self ook op een of ander manier moet verdien om gered te word. Daar is by alle mense die basiese gedagte dat 'n mens jouself moet red deur 'n goeie lewe te lei, deur Gods wet na te kom, deur baie godsdienstig te wees. Dit is 'n heidense gedagte, maar baie lidmate van die kerk dink ook nog steeds so.

Miskien sê hulle nie meer dat 'n mens deur jou eie goeie werke jouself moet red nie, omdat hulle nie wil ontken dat 'n mens genade nodig het om gered te word nie. Tog sien hulle ook nie kans om die boodskap van Paulus te aanvaar dat God die **goddelose** om Christus ontwil vryspreek nie (Rom. 4:5). Hulle meen dat God die goeie mens sal vryspreek, dat God genade sal bewys aan mense wat sy genade 'n bietjie werd is. Die gedagte daaragter is dat daar darem in die mens self 'n rede, 'n grond moet wees waarom God juis aan hom genade bewys. Eintlik dink hulle dat God die **godsdienstige** mens genadig sal wees.

Dit is egter 'n fatale misverstand. Wie dit so verstaan, begryp nog nie die evangelie van Gods vrye genade nie. Hy probeer dan deur sy godsdienstigheid die genade van God waardig wees. Maar op hierdie manier kan 'n mens nooit tot sekerheid kom dat jy gered is nie. Dit is net 'n fariseër wat meen dat hy deur godsdienstigheid gered kan word.

Tog is alles van ons, selfs ons godsdienstigheid, besmet met ons sonde. Ons kan selfs agter godsdienstigheid skuil om ons nie heeltemal aan God en sy genade oor te gee nie, maar onsself nog teenoor God te probeer handhaaf. As die Heilige Gees ons egter enigsins daarvan bewus maak hoe afgrondelik diep ons verlorenheid is, weet ons dat

niks in ons of van ons, selfs nie eers ons godsdienstigheid, die grond vir ons sekerheid van verlossing kan wees nie.

Ons kan alleen tot sekerheid kom, as ons rus in Gods beloftes dat ons slegs deur genade gered word en dat Hy reeds in Christus sy genade as 'n vrye gawe aan ons gegee het. Die Nuwe Testament sê dit baie duidelik: **God het dit aan ons gegee.** Christus het in ons plek die straf en oordeel oor ons sonde gedra. God sien ons nie meer aan soos wat ons in onsself is nie, maar Hy sien ons aan deur Jesus. Hy reken ons die reinheid en die heiligheid van Jesus toe, Hy bedek ons met die bloed van Jesus, en neem ons in Jesus as sy kinders aan.

Dit is die evangelie van genade. Jy kan alleen sekerheid hê, as jy op hierdie evangelie van genade vertrou.

4. Daarom beveel die Bybel ons deurgaans om te glo dat Gods beloftes waar is, óók vir ons persoonlik.

Dit beteken dat ons moet glo dat alles wat die evangelie oor die verlossing uit genade sê, op ons persoonlik slaan. Geloof beteken dat jy die Here op sy woord neem en sy beloftes aanvaar omdat hulle aan jou persoonlik gerig is. Jy mag jou volkome daarop verlaat, so volkome asof elke belofte van die evangelie in 'n brief staan wat die Heilige Gees aan jou persoonlik gerig het.

Maar mag 'n mens dan sommer maar aanvaar dat die beloftes van die evangelie ook vir jou persoonlik bedoel is? Baie mense se probleem is dat hulle nie die vrymoedigheid het om dit aan te neem nie. Moet daar nie eers iets met jou gebeur, moet jy nie eers 'n besondere ervaring hê voordat jy kan weet dat dit vir jou persoonlik bedoel is nie?

Luister nou egter mooi: daar het iets besonders met jou gebeur. **Die Woord van God het na jou gekom!** Die feit dat die evangelie aan jou verkondig word, dat jy dit self in die Bybel kan lees, dat jy dit kan hoor — dit is die grootste ervaring van jou lewe! God het sy Woord en sy beloftes na jou gestuur, omdat Hy dit ook vir jou persoonlik bedoel. Daar is geen beperkinge op die beloftes van God nie. Elkeen wat dit hoor of lees, moet weet dat dit vir hom of haar persoonlik bedoel is.

Toe jy gedoop is, is jou naam genoem en is aan jou persoonlik bevestig dat die bloed van Christus vir jou uitgestort is. Netso word in die nagmaal aan jou die persoonlike versekering gegee: Dit is My liggaam wat **vir jou** verbreek is, dit is My bloed wat **vir jou** uitgestort is. As jy betwyfel of Gods beloftes ook aan jou persoonlik gerig en vir jou persoonlik bedoel is, verwerp jy in ongeloof die versoening wat Christus vir jou bewerk het.

Die Bybel sê dat Christus die sonde van die **wêreld** versoen het. Behoort jy dan nie tot die wêreld nie? Die evangelie sê dat God **sondaars** red. Is jy dan nie 'n sondaar nie? As jy 'n sondaar is, is die verlossing ook vir jou. Jou sonde hoef nie tussen jou en die sekerheid van die verlossing te staan nie, want Christus het vir ons sonde volkome versoening gedoen. Wat tussen jou en heilsekerheid staan, is jou onwil om Gods versekering te glo dat Christus ook vir jou sonde gesterf het.

5. **Een van die redes waarom baie mense ondanks al die beloftes van Gods Woord nogtans nie tot sekerheid kan kom nie, is dat hulle die betekenis van die geloof verkeerd verstaan, asof dit die bydrae is wat die mens van sy kant moet lewer om gered te kan word.**

Dit hang daarmee saam dat hulle die aard van Gods beloftes verkeerd verstaan. As hulle Joh. 3:16 lees waarin gesê word dat God sy Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê, dan interpreteer hulle dit asof dit beteken: God het deur die dood van Jesus vir alle mense die verlossing **moontlik** gemaak, maar nou hang dit van elke mens af of hy daardie verlossing in die geloof wil aanneem, want dit is sy deeltjie wat hy moet bydra om gered te kan word.

So maak hulle Gods beloftes **voorwaardelik**. Dit beteken: Jesus se dood geld vir jou, **mits** jy jou kant bring deur te glo. Wie dit so sien, kom eintlik nie weg van die idee dat 'n mens gered word deur wat jy self doen nie. Al word ook erken dat 'n mens nie deur jou goeie werke gered word nie, maar net deur genade, word die genade daarvan afhanklik dat jy jou deel moet bydra deur te glo. Maar daarmee word die geloof weer tot 'n menslike werk wat die voorwaarde is om gered te word.

So bedoel die Bybel dit egter nie. Volgens die Bybel is die geloof inderdaad die weg en die middel waardeur ons die versoening ontvang wat Christus vir ons bewerk het. Die weg tot redding en sekerheid is die **geloof alleen.** Die woordjie **alleen** sê twee dinge. Eerstens sê dit dat jy werklik niks tot jou eie redding hoef by te dra nie, maar slegs hoef te glo dat God dit reeds in Christus aan jou geskenk het. In dié sin beteken "deur die geloof alleen" dieselfde as: **deur die genade alleen.** Tweedens sê dit ook dat **daar geen ander weg vir jou is om gered te word nie, as om die verlossing net in geloof te ontvang.**

Maar daarmee word nie bedoel dat die geloof ons menslike deel is wat ons bydra om gered te word nie. Dit is eenvoudig die **aanvaarding** dat Gods beloftes waar is, dat Christus ons werklik gered het. Dit is eenvoudig om te vertrou op wat God belowe. Ons word slegs deur die geloof gered, omdat die geloof slegs op die genade van God alleen vertrou. Geloof is die **afsien van alles wat ons self kan doen,** om te rus op wat Christus vir ons gedoen het.

Om van ons self af te sien en net op die genade van God te vertrou, dit is bekering. Dit verander ons hele lewe, want alleen so kom daar ruimte in ons vir die openbaring van Gods vernuwende genade en bevrydende krag. As ons glo in Gods liefde vir ons, breek ons hart en kom ons tot berou oor ons sonde. As ons vertrou op die beloftes van God, word ons vol vreugde oor die vergiffenis en kom daar plek in ons vir die heiligmaking wat die Heilige Gees in ons wil bewerk.

Ons ontvang in die geestelike lewe alles net deur die geloof. Maar dit beteken nog nie dat die geloof 'n prestasie van ons kant is of ons deel wat ons tot ons verlossing bydra nie. Eintlik is die geloof in sigself niks. Dit is slegs die leë ruimte wat deur Gods genade in ons kom vir die openbaring van sy verlossende krag. Dit is die bereidheid om te ontvang wat God gee.

As ons geloof as 'n menslike werk verstaan, maak ons dit tot 'n grond van die sekerheid van ons redding. Dan baseer ons ons sekerheid op die feit dat ons glo of dat ons Jesus aangeneem het. Om seker te wees of ons kinders van God is, moet ons dan eers seker maak of ons regtig glo en of ons dit regtig bedoel het toe ons Hom aangeneem het. In plaas daarvan om vir ons sekerheid op Jesus te vertrou, ondersoek ons onsself om vas te stel of ons gered is.

Maar op hierdie manier sal ons nooit werklik seker wees of ons kinders van God is nie, **omdat ons dan ons sekerheid op ons eie geloof baseer** — wat tog altyd met ongeloof en twyfel vermeng is — of op ons gevoel, of op ons aanneem van Jesus, of op die vrugte van die geloof, soos ons berou en bekering. Die gevaar is dat jy dan meer op jou eie geloof en bekering vertrou, as op die beloftes van God. Jy kyk na binne vir jou sekerheid, in plaas van om na Jesus te kyk.

Op hierdie manier kan ons soms heeltemal van ons sekerheid beroof word. Juis die ernstige kind van God in wie die Heilige Gees 'n diep besef van sy eie onwaardigheid opwek, kan maklik verlei word om moedeloos en onseker te word as hy na binne bly kyk. In die besonder kan ons gekwel word deur die vraag of ons regtig glo. Die duiwel sal ons graag vertel dat 'n mens net gered kan word as jou geloof sterk genoeg is, en ons aandag dan daarop vestig dat ons geloof maar baie wankelend is. Hy kan ons so tot wanhoop dryf. Soms weet ons regtig nie eers of ons glo nie. Soos Petrus wat op die golwe gewandel het, kyk ons weg van Jesus na die golwe om ons en vrees ons om te sink (Mt. 14:29-31).

Die enigste raad is om dan weg te kyk van jouself na Jesus wat ons vashou. Sing gerus Ges. 192:2-3 wat die absolute waardeloosheid van ons ywer, trane en gebede vir ons redding bely, maar dan voortgaan om te sê: "Leeg, net met my sondelas, hou ek u verdienste vas." **As enigiets in ons, selfs ons geloof of bekering of die erns van ons oorgawe die grond van ons sekerheid of ook maar net 'n deel daarvan moet wees, sal ons altyd bly twyfel.**

Net Jesus is ons sekerheid. Kyk dus weg van jouself na Jesus. Juis die feit dat jy dit doen, **is jou geloof.** Die vraag is nie hoe sterk of hoe swak jou geloof is nie, want dit is nie jou geloof wat jou red nie, maar die Een in wie jy glo. Vertrou Christus. Vertou Hom dat sy genade ook vir jou ongeloof genoeg is. Die feit dat jy dit doen — dit is jou geloof.

6. Hoe meer ons ons aan Christus vasklem, hoe meer sal die sekerheid in ons groei.

Die Bybel is vol van die jubeling van Gods kinders oor die vastheid van Gods trou en die onwankelbaarheid van sy genade. Lees maar gedeeltes soos Rom. 8:31-39 waarin Paulus met soveel vreugde roem in die liefde van Christus waarvan niemand ons kan skei nie, of Ef. 1:3-14 waarin hy jubel oor die wonderlike genade van God wat ons in Christus uitverkies en tot sy kinders gemaak het.

Hoekom kon Paulus so seker wees? Nie omdat hy so seker was van homself en sy eie geloof nie, maar omdat hy hom aan Christus vasgeklem het. Paulus het geglo dat Christus en Hy alleen die grond vir ons verlossing en vir ons sekerheid is. Hy is immers die **ja van God, die ja op al die beloftes van God** (2 Kor. 1:19). God het ons op die vaste

grond Christus bevestig, en daarop kan ons alleen maar tot eer van God **Amen** sê (2 Kor. 1:20-21). Daarom getuig Paulus: "Ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou" (2 Tim. 1:12).

Hoe meer ons ons aan Christus vasklem, hoe sekerder word ons dat ons verlossing veranker lê in die liefde en genade van God wat baie omvattender is as ons bewussyn daarvan. Dit gaan aan ons kennis en geloof vooraf. Dit is nie ons wat God eerste liefgehad het nie, maar Hy wat ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:10). Voordat ons kon soek, kon vra, het sy Seun ons skuld gedra (Ges. 10:2). Sy genade is nie die antwoord op ons keuse vir Hom nie, maar die oorsaak daarvan.

Hierdie sekerheid bring 'n diepe rus en vrede in ons wat toeneem na mate ons inniger gemeenskap met Christus beoefen. Wanneer ons daagliks ons lewe in die lig van Gods Woord stel en die Heilige Gees ons van sonde oortuig; wanneer ons met ons sonde na Christus vlug, ons daaroor verootmoedig, dit bely en aflê; wanneer ons die Heilige Gees vra om ons lewe met Homself en met liefde vir God en ons naaste te vervul — dan smaak ons gemeenskap met Christus en in hierdie gemeenskap word ons steeds vaster oortuig van Gods liefde, en groei ons sekerheid dat niks ons van sy liefde kan skei nie.

Dan merk ons inderdaad in ons self ook tekens op van weerliefde tot Christus en liefde tot ons naaste, en dit dien as 'n bevestiging van wat ons reeds glo: dat ons kinders van God is. Dit is wat Johannes bedoel as hy sê dat ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, omdat ons ons broers liefhet (1 Joh. 3:14). In die wandel met Christus vind die evangelie van Gods liefde 'n bepaalde neerslag in ons eie ervaring, en dit versterk ons sekerheid.

Weliswaar is ons nog nie wat ons eendag sal wees nie, maar ons is gelukkig deur Gods genade ook nie meer wat ons was nie (Tit. 3:3). In die vreugde wat ons in God en ons medemens het, smaak ons die getuienis van die Gees wat met ons gees getuig dat ons kinders van God is (Rom. 8:16). En dit is 'n voorsmaak van die ewige gemeenskap met God waarvan ons seker is dat dit vir ons wag.



Publikasie van Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake
van die Ned. Geref. Kerk in Wes-Kaapland